



Ek voel op die oomblik of ek 'n bietjie in die tussentyd staan. Dit is wat ek dit nou maar noem. Die tussentyd is die tyd tussen wanneer iets gebeur en iets anders gebeur. Dan is jy intussentyd besig met ander goed om die tyd om te kry tot die volgende groot moment. Ek voel ook so 'n bietjie geintimideer deur hierdie blog. Ek kan nie verstaan hoe enigiemand daaglik kan blog nie. Nie as hulle 'n program het soos myne nie. Ja, ek weet ek kan darem net daaglik hello se soos 'n statusupdate, maar daarvoor het ek tog Facebook en Twitter... okei - ek sukkel nog omdie sin van Twitter te sien, maar as ek lank en hard genoeg konsentreer sal dit seker duidelik word - as nie deur 'n proses van verligtheid nie, dan definitief deur 'n proses van osmose. Moenie vra wat ek bedoel nie, want en is seker dat ek ook nie die tyd sal he om osmose te verduidelik en hoe dit van toepassing kan wees op die proses van verligtheid (Of gebrek daaraan) nie.

Okei, dit is nie asof ek nie besig is nie - inderwaarheid baie besig, maar ek het tog so 'n algemene gevoel dat ek nie regtig besig is op 'n konstruktiewe manier nie.

▣ **Wat gebeur met Simply Slim?**

Ek het in my vorige blog vertel van my Simply Slim eksperiment. Ek sal volledig verslag doen na die 10e Februarie. Dan dink ek sal ek maar weer na meer konvensionele metodes van gewigsverlies kyk - soos om niks te eet nie... ok - grappie. Ek het die polimiek rondom Simply Slim gevolg, en ook seker gemaak dat ek 'n "amptelike" boks SS het. Klaarblyklik het ek. Nou is die vraag nog uitstaande of dit 'n smeerveldtog teen SS is, en of dit eenvoudig nagemaakte weergawes van die produk is wat die mark getref het wat al die probleme veroorsaak. Ek is nog springlewendig en gesond, my persoonlikheid het nie merkbaar verander nie (dit is nou volgens my vrou), my bloeddruk is goed, ek kry nie hartkloppings nie, en ek voel oor die algemeen springlewendig en gesond.

Tussentyd, Die vet is in die vuur, Naakte kritiek, Sunnette en Hennie se ding

Written by Gideon van Zyl

Tuesday, 02 February 2010 10:28 - Last Updated Wednesday, 03 February 2010 23:41

Nou wil ek die baie belangrike vraag vra en hierdie is 'n vraag wat die gemeenskap in sy groter konsep miskien



moet probeer antwoord na 'n stukkie selfondersoek. Ek het al hieraan geraak in vorige blogs, so my rants and raves hieroor sal niks nuuts vir julle wees nie. Daar is eintlik 'n reeks vrae wat ek wil vra:

- Waarom is mense bereid om hul gesondheid te waag om gewig verloor? Dit gaan nie net oor Simply SLim nie, maar oor baie ander praktyke soos om te vas tot mense op gewig is, en selfs sulke liederlike praktyke soos mense wat lidwurms sluk sodat hulle kan gewig verloor.
- As dit so maklik is om gewig te verloor deur "reg te eet" soos wat baie mense se, hoe is dit dat miljoene mense dit nie kregkry om gewig te verloor nie - selfs die wat "reg eet"?
- As dit so maklik is om deur oefening gewig te verloor, waarom is dit dat daar so baie oorgewig mense by gyms te siene is? Skerlik sal hulle gewig verloor en dan maer mense by die gym wees?

Ek vra weer - is vet die nuwe rook? Is vet die nuwe asosiale gedrag wat geteiken en geterroriseer moet word?

Genoeg daarvan vir vandag.

Naakte kritiek

Miskien is Naak 'n nuwe modegier wat ons kan begin. Ek het 'n teorie - Naakte mense sal baie minder

Tussentyd, Die vet is in die vuur, Naakte kritiek, Sunnette en Hennie se ding

Written by Gideon van Zyl

Tuesday, 02 February 2010 10:28 - Last Updated Wednesday, 03 February 2010 23:41



~~Wanneer die nuwe album uitkom, sal dit 'n goeie verskeuring van die vorige album wees. Die nuwe album is 'n goeie verskeuring van die vorige album.~~



~~Die nuwe album is 'n goeie verskeuring van die vorige album. Die nuwe album is 'n goeie verskeuring van die vorige album.~~